# Hulp en Hoop

Kwartaal Nuusbrief van die Hulp & Hoop Gemeenskapskerk


Postnet Suite # 50, I Privaatsak X2449, Mokopane, 0600

Tel: 015 491 8853 I Faks: 015 491 3537 I Epos: admin@ngpottiessuid.org.za

www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk (Gemeenskapskerk Hulp en Hoop)


# Gedenktuin en Tuine

Vriende as u so instap by ons gemeente se terrein, dan ervaar mens sommer die atmosfeer en vrede wat die tuine, terrein in 'n mense bewerkstellig. En dan as jy 'n lushof wil ervaar gaan maak jy 'n draai in die gedenktuin. Die afgelope tyd het ons gemeente gesukkel om die tuine voldoende in stand te hou omdat daar water beperkings was, maar 'n paar goeie gemeentelede het plan gemaak om vir die gemeente 'n boorgat te kom sink sodat daar genoeg water sal wees vir die tuine en ook vir die geboue indien water te kort raak as die reservoir leegraak.



Ons wil gemeentelede vra wat 'n finansiële bydra wil maak tot die gedenktuin se plante om met Tannie Gerda du Toit in verbinding te tree. En dan vra ons asb. ook mooi, bewonder die tuin, maar moet asb. nie stiggies afbreek nie, daar gaan te veel mense deur die tuin en elke stiggie wat afgebreek word maak dat die plante agteruitgaan en nie groei nie asb.? Ons weet die mense betrokke by die skenking van die boorgat wil anoniem bly maar weet ons waardeer dit opreg.

## Pizza Oond

Dit is my voorreg om die gemeente weer in te lig dat die Pizza oond in 'n werkende toestand is. Danksy 'n barmhartige gemeentelid en sy span het hul Desember oor die vakansie die Pizza oond uitgebreek en heeltemal herstel en by twee geleenthede van die middel-eeuers en kwart-eeuers het die Pizza oond hom goed van sy taak gekwyt en het die twee groepe lekker gekuier met pizzas. Die oond gaan nog groot vreugde bring in baie geleenthede waar verhoudings gebou gaan word.



# Ons Gemeente se Storie

Almal van ons het 'n storie, dink bietjie terug in jou lewe! Dink aan die storie van jou lewe. Die eerste keer toe jy geval het en jou arm of been gebreek het. Dink maar net jou hele gebeure hoe jy jou ID boekie of kaart gekry het en praat nie eers van jou rybewys nie. Net so het ons Gemeente ook haar eie verhaal. Gelei deur gebed, het die Potgietersrus-Suid gemeente van die Moedergemeente afgestig in 1986. Ons gemeente het sommer van die begin af besluit om altyd anders oor sake te dink en nie bang te wees om grense te skuif nie. Ons gemeente wat afhanklik was van die wil van God om as gestuurde gemeente in die wêreld te leef. Sommer een van die voorbeelde waar Hulp en Hoop nie bang is om kanse te waag nie sien ons bv. in 1994 toe almal nie baie hoop gehad het vir die toekoms met die verkiesing nie, het die gemeente besluit om 'n eie kerk gebou te bou in 1994. In 2002 toe die Rand maar net begin herstel het en daar baie droogte was, en die plaasmoorde begin toeneem het, was die gemeente nie bang om weer te waag om 'n derde leraar te beroep nie. So het die gemeente weer besluit om te waag die jaar van 2019. Ons het begin met 'n tromstel in die musiekgroep. Ons wil weer ten spyte van die ekonomie waag om moontlik 'n tweede leraar te beroep. Die gemeente het in 2018 hulp in gekry van Marius Cornelissen asook Dr Roelf Opperman en uit die gesprekke het die Kerkraad besluit om te fokus op a. Wie is ons? b. Wat moet ons doen? c. Hoe gaan ons dit doen? Ons het toe besluit dat die gemeente moet vir 'n maand lank gaan bid vir God se leiding, wat verwag God van ons as gemeente. Aan die einde van die 4 konneksie geleenthede was dit duidelik dat ons gemeente moet fokus op 1. Woord gebed en musiek ( die inrigting van die erediens) 2. Jeug en gesinne 3. Verhoudings en betrokkenheid 4. Uitreik aksies (leef in die wêreld) 5. Kerkraad en bestuur van die gemeente. Dit was ook duidelik uit al die gesprekke dat daar 'n dringende behoefte is aan 'n jong leraar wat se fokus sal wees net op Jeug en Gesinne. By die visionering byeenkoms is daar besluit dat as ons by die hoe wil begin, moet ons dit natuurlik in biddende afhanklikheid doen, maar dat ons as gemeente by 3 ander gemeentes gaan kuier om te kyk wat kan ons by die gemeentes leer en wat moontlik toegepas kan word in ons eie konteks. Die gemeentes wat geïdentifiseer is, is NG Pietersburg Noord. NG Lynwood en dan Church Unlimited. Wat die toekoms vir ons gemeente in hou weet ons ongelukkig nie. Ons kan net beplan volgens wil van God, op die fondament van Jesus Christus, die beloftes van God se Woord, en bid dat die Heilige Gees ons sal lei. Mag elkeen van u ook die stem van die Heilige Gees ervaar sodat u kan kom inskakel en u talente en gawes aanbied sodat ons gemeente optimaal kan funksioneer en deel kan wees in die manifestasie van die Koninkryk van God.

Ons bou brûe na jongmense!
HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK

# Sending

Die Here stel ons in staat om 'n verskil te maak; met ons 5 broodjies, 2 vissies of 'n R100.

In die Jaar 2008 het Fred Nel van Eternal Outreach ons gemeente kom besoek. Gedurende sy preek vermeld hy dat Suid-Afrikaanse sendelinge beskou word as besonder goeie sendelinge, waarskynlik oor hul blootstelling aan 'n multikulturele samelewing. Ongelukkig word Suid-Afrikaanse sendelinge egter besonder swak deur die kerk in Suid-Afrika ondersteun; 'n skandalige situasie wat deur die lae waarde van die rand vererger word.

Hierdie situasie het my met verontwaardiging gevul en het ek 'n roeping ervaar om iets daaraan te doen. Na twee jaar van gebed het die Hemelse Vader ons gebed verhoor en het 'n R100 000 beskikbaar geword om 'n sendingfonds te stig.  Dit het ons in staat gestel om ten minste sewe sendelingpare te ondersteun:

1. Willem en Marina Nel - hulle is baie strategies in Egipte geplaas - een van die sleutellande in die Midde-Ooste .

2. Marius en Amanda du Plooy - is betrokke by die Moslem sending en werk nou onder Arabiere in Arizona VSA.

3. Johan en Este de Nyschen - met 'n veelvoudige bediening in Panama en Sentraal-Amerika.

4. Jurie en Magdaleen Goossen - bedien buitelandse studente waarvan verskeie afkomstig is uit lande wat geslote vir die evangelie is.

5. Dries en Betsie Olwage - werk onder verskeie volke in die weste van Namibië.

6. Erik en Hester van Zyl - werk in Kunene in die noorde van Namibië met uitreike in Angola.

7. Ons ondersteun ook ander sendinginisiatiewe soos Alec Groenwald se traktaakbediening & ons eie Judea Sending.

Oor die afgelope ses jaar het die Here ons in staat gestel om ten minste R21 000 per jaar aan hierdie sendelinge beskikbaar te stel. Ons bid ook steeds op elke Dinsdagaand vir hierdie en ander sendelinge.

In Februarie 2019 het ons weer R7 000 kon bydra en het die Sendingfonds op R215 000 gedraai.

Ons doelwit is om 'n duisend lidmate te kry om elk of R100 per maand of R1 000 per jaar by te dra. As ons dit kan bereik behoort ons die probleem van sendelingbefondsing grootliks suksesvol te kan aanspreek.

Ons vyf broodjies, twee vissies en R100 mag dalk heeltemal ontoereikend lyk, maar as ons dit in die hande van die Here plaas dan kan Hy oorvloedig voorsien. Die enigste voorwaarde is dat ons dit nie moet  terughou nie, maar dit daadwerklik - en in geloof - vir Hom gee.

Die volgende doelwit is om 'n soortgelyke fonds vir armoedeverligting en werkverskaffing op te rig. Twee ander gemeentes het al reeds hul ondersteuning tot hierdie aksie beloof.


As die Here dit op jou hart gelê het om deel van Sy oplossing te wees, kom kontak ons asseblief by 0677447745.

Du Toit Malan: Sendingko-ordineerder



# Jeug

By hierdie tyd het u agtergekom dat die materiaal wat ons by die Jeug gebruik, kom in die vorm van die Bybelstudie wat elke Sondag in die afkondigings is, en ook aanlyn op die webwerf nghulpenhoop.co.za gekry kan word. Sommige van u vind dit miskien maklik om die Bybelstukkies aan te bied in die aande met u gesin om die eettafel. Vir ander is dit moontlik bietjie meer van 'n uitdaging. Vriende dink bietjie aan die Doop belofte wat u as ouers aflê, Beloof julle om hierdie kind, van wie julle die ouers (of voog) is, in die leer na die beste van julle vermoë te onderrig en te laat onderrig? Daarom is dit nodig dat ons mekaar herinner hoekom ons as gemeente besluit het om die roete te neem. Ek wil begin om 'n paar interessante statistieke en gedagtes van 'n Ds. Willem Louw van NG Kerk Miederpark oor ons kinders se geloofsvorming, vir julle te gee. Ds Louw wys dat LA Hunt navorsing gedoen het oor die gemiddelde ouderdom waarop die meeste mense tot bekering gekom het. Sy bevinding was soos volg: 0-3 jr. (1%); 4-14jr (85%); 15-30jr. (10%) en 30+ (4%). Ds Louw sê as mens so na die statistiek kyk dan is dit duidelik dat as ons as ouers die grootste invloed in ons kinders se lewe wil wees aangaande geloof, moet dit plaasvind . Voor die ouderdom 14 jaar oud. Dan wys Ds Louw verder datdie groot kerknavorsingsgroep Barna, het navorsing gedoen om te bepaal wat die behoefte van mense is om tot geloof in die Here te kom. Is daar 'n behoefte verskil op verskillende ouderdomme? Die navorsing het bevind dat die behoefte om tot geloof in die Here te kom op die verskillende ouderdomsvlakke soos volg wissel: 5-12jr (32%); 13-18jr (4%); 19+jr (6%). As mens die twee statistieke van die kenners in ag neem het ons van 1 jaar tot 13 jaar om die grootste impak te maak op ons jongmense aangaande geloof. Wat nog meer belangrik is vir ons as ouers wat wil hê nie net alleen moet ons kinders Jesus ken as hul Saligmaker en Verlosser nie, maar dat God se Weg waarheid en lewe ook die belangrikste rol speel in ons kinders se morele geloofsvorming. Veral as ons hoor dat ons kinders se morele geloofsvorming volgens Barna groep veral plaas tussen 2-9jr. (Barna 2003:47,58,100). Vriend kom ons help mekaar om ons Doopbeloftes na te kom, kom ons help mekaar om ons kinders groot te maak in die wee van die Here, kom ons werk saam aan die toekoms.


Ons verdien nie U liefde nie

Gedig Ina Grobler

Heer, U haat sonde en die doodstraf
moes kom
wanneer ons voor U staan in U heiligdom
Maar genadige God wie kan U evenaar
Deur U kosbare bloed het U sondaars gespaar!

In nederige ootmoed moet ons bely
ons kan ons verstand nie om die wonderwerk kry!
Hoe U ons gevorm het uit eier en sel
Onsigbare embrio met weefsel en vel

U is daar as ons opstaan, U sien as ons val
Selfs die hare op ons hoof het U almal getel!
Van geboorte totaal afhanklik van U
Ons weet ons verdien nie U liefde nie!

U het nie ons lof en eer nodig nie
want die ganse Skepping getuig vir U:
Op Steppeveld waar wilde donkies wei
Sal mens die mooiste klein blommetjies kry
Dit blom vir sewe dae vir niemand om te sien
Net U grootsheid word met hul skoonheid bedien!

Hoe durf ons dan nog bekommerd wees
hoe kan ons nog tob en lewe in vrees?
as U ons wil seën wie sal U keer?
Want U is Magtig en ewiglik Heer!

Neem nou ons alles, ons hele lewe aan
en wys ons die Weg wat ons planie moet gaan
Maak ons rein en opreg voor U
want Here, ons verdien nie U liefde nie!




Millennials is 'n baie interessante groep mense. Dis nou die mense wat gebore is tussen 1982 en 2000. Dis nou tipies die mense wat ouer mense oor sal se dat hulle nie so was toe hulle jonger was nie. Terwyl die generasie x mense, die generasie net voor hulle geglo het aan orde, institusies in standvastigheid, glo millennials glad nie daarin nie. My oupa het altyd gepraat dat toe hulle jonk was, was jy of 'n Ford man, of 'n Chev man. Jy het lojaliteit teenoor 'n maak gehad, maar die millennials glo nie in lojaliteit nie, maar in waarde. Hulle sal skuif na enige iets toe solank hulle waarde vir hulle geld of vir hulle moeite kan kry.

Hulle glo dat mens nie haastig hoef te wees in die lewe nie. Daar is nog baie tyd, so alles kan maar later gebeur. 30 is die nuwe 20, en om op 35 nog nie getroud te wees nie is glad nie 'n problem nie. Dus terselfde tyd ook nog nooit gewerk het nie maar vas oortuig is dat hulle teen 30 'n miljoenêr gaan wees

Hulle glo ook nie altyd dat hulle deel van die stroom hoef te wees nie. Hulle hoef nie dinge te doen soos almal van hulle verwag nie. Hulle glo nie dat hulle in boksies vasgevang mag of kan word nie. Hulle hou nie daarvan om binne 'n struktuur te werk nie, want hulle is elkeen hulle eie individu. Dit beteken dat die traditionele kerk opset vir hulle 'n probleem is. Millenials wil ontmoet word daar waar hulle is op hulle tyd, en wil nie na 'n kerk toe gaan om daar hulle geestelike kos te kry nie.

Millenials moet die vryheid gegun word om hulle geloof op hulle manier uit te leef sonder dat hulle beheer moet word. Die leier van Millenials moet 'n millennial wees wat saam hulle gaan reis na waar hulle wil gaan. Hulle verstaan die begrip dat kerk is daar waar hulle

is, en hulle hoef nie te gaan na 'n plek waar kerk is nie.

Vir intressantheid, kan die video oor millennials gekyk word by https://www.youtube.com/watch?v=hLpE1Pa8vvl


# Soekie en die Radikids

Die afgelope jaar het u miskien begin agterkom dat die aanbiddingstyl in ons gemeente neem 'n ander wending. Ons het musiekgroep, klavier, klavier en orrel, en so het ons die 10 de Maart 2019 Soekie en die Radikids gehad wat ons gemeente besoek het. Dit was asof dit 'n inspuiting was, 'n stukkie nuwe energie so aan die einde van die kwartaal, om ons die nuwe "oemf" te gee vir die volgende kwartaal. Soekie se boodskap wat op 'n kinderlike verstaanbare wyse aangebied is, het jonk en oud sommer aangeraak en ons laat besef dat vrees en skuld ons nie moet onder kry nie, maar dat ons geklee is met die heerlikheid van God, ons is tot alles in staat. Die kinders en volwassenes het heerlik saam Soekie gesing en God verheerlik.  Ek is seker 2019 het nog 'n hele paar verrassings wat vir ons voorlê.



# Aand Dienste

*Sondag aandienste is jeugdienste. Ons probeer om onderwerpe wat op die leefwêreld van die jongmens te bespreek en ook verstaanbaar en speel-speel. Ander gemeentes kom besoek ons ook van tyd tot tyd en dan speel ons lekker vollyball. Die aandienste geskied buite by die lapa in die opelug en saam bewuswording bring dit definitief 'n nuwe demensie. Stuur asb u jongmense Sondag aande om saam met ander Christen kinders om die Woord van God te kom kuier.*







# Belydenis Klas 2019



# Slaghuis

Die basaar is amper alweer om die draai, dit beteken dis weer tyd vir biltong en droëwors. Ons het 'n projek aangepak met skenkings van gemeentelede om 'n klein vleisverwerking-geriewe in te rig sodat ons hierdie jaar ons eie vleis kan verwerk. Ons het onder andere, 'n koelkamer, vleisverwerkingtoerusting ens gekry. Die rede is tweeledig, eerstens om te kyk of ons nie bietjie kan spaar op verwerking koste nie maar tweedens ook om gemeentelede wie se gawe dit is om met vleis te werk, wors te stop ens die geleentheid te gee om iewers betrokke te raak. Ek weet die mense betrokke by die skenking die bou en die inrigting wil nie 'n dankie hê of hulle name genoem hê nie, maar ons waardeur dit opreg.





# Aksie Jonk van Gees

Die jaar het sommer mooi afgeskop met 'n lekker saamkuier geleentheid waar die lede foto's van hul jonger dae saamgebring het en ons geraai het wie, wie is. Ons het ook in die kwartaal al saam Mariaan van Tonder gekuier wat met ons kom gesels het oor jou toekomsplanne. Hoe beplan jy jou dag jou oudag jou doen en late en hoe pas dit by drome in. Dit was 'n baie insiggewende gesprek. Ons sien ook uit na die nuwe kwartaal se uitstappies, saam kuier en daar word ook ander sprekers beplan. Sien ook die foto van die komitee wat leiding neem vir die jaar. Ina Grobler, Charle Pretorius, Stef de Lange, Gerda Vorster en Blackie Swart



# Godsdiens is pret

Kinders van Ng Hulp & Hoop Gemeenskapskerk kan nie wag om elke 2de Sondag kerk toe te gaan nie. Na hulle saam hulle ouers in die kerkgebou bymekaar kom vir opening, kan hulle uitbeweeg na die Jeughuis vir pret en plesier saam maats, waar die blyeboodskap op ons jongmense se verstaanvlak oorgedra word.

Twee nuwe maats met die name Hes en Frikkie (ons poppekas poppe) en bevoegde tannies, sorg vir pret in 'n lekker leersame manier met verskillende mediums op hulle vlak. Almal welkom groot en klein.

Saam met die terugvoer van die ouers asook hulle deelname, smag die Jeugtaakspan om die heeltyd te kyk hoe kan dinge beter gedoen word.

Wie het gesê kerk is nie lekker nie?

